**<u>IN DIE HOOGGEREGSHOF VAN SUID-AFRIKA</u>**
**(ORANJE-VRYSTAATSE PROVINSIALE AFDELING)**

Saak Nr.1392/2004

In die aansoek tussen:

**<u>JOHANNES SETHLO</u>**
**SCHALK ANDRE VAN RENSBURG**

en

**<u>DIE STAAT</u>**

---

**<u>CORAM:</u>** **CILLIé, R**

---

**<u>GELEWER OP:</u>** **18 MEI 2004**

---

Hierdie is 'n aansoek wat op 'n dringende basis voor my gebring word. Omdat die aansoek die vryheid van 'n individu betrek noodsaak dit 'n spoedige bevel. Ek sou graag meer tyd wou hê om die redes vir die bevel vollediger weer te gee wat egter verhoed word deur die dringendheid van die aangeleentheid.

Dit is nodig om die agtergrond van die aansoek uiteen te sit: Die applikant is in die Streekhof skuldig bevind aan veediefstal en gevonnis tot vier jaar gevangenisstraf. Onmiddellik na vonnisoplegging het die

applikant se advokaat aansoek gedoen om borg hangende appèl. Die voorsittende Streeklanddros het daarop die applikant se advokaat op die inwerkingtreding op 1 Januarie 2004 van die Strafproseswysigingswet Nr. 42 van 2003 gewys. Artikel 2 van daardie Wet wysig, onder andere, artikel 309 van die Strafproseswet Nr. 51 van 1977 dermate dat verlof tot appèl, behalwe in enkele uitsonderingsgevalle, van die verhoorlanddros nodig is voor voortgegaan kan word met 'n appèl na die Hoë Hof. Die appellant se advokaat het daarop voortgegaan om so 'n aansoek om verlof tot appèl tot die Streeklanddros te rig. Dit is geweier. Daarop het die appellant 'n petisie soos voorsien deur die gewysigde artikel 309C van Wet 51 van 1977 om verlof om te appelleer na hierdie Hof gerig. Hierdie petisie is later deur my ampsbroeders Hancke R en Musi R afgewys. Hierna het die appellant van regsverteenwoordigers verander. 'n Nuwe advokaat het adviseer dat die applikant nooit verlof tot appèl nodig gehad het nie, maar deur artikel 309 voormeld 'n reg van appèl verleen word. Dit skyn asof hierdie advies korrek is. Artikel 309 voormeld vereis verlof tot appèl uitgesonderd, onder andere, waar 'n beskuldigde

> "tot enige vorm van gevangenisstraf gevonnis is soos in artikel 276(1) beoog wat nie die geheel opgeskort is nie."

Klaarblyklik resorteer die appellant hieronder.

‘n Kennisgewing van appèl teen sy skuldigbevinding en vonnis is daarop by die klerk van die hof liasseer. Die betrokke Streeklanddros is toe deur die applikant se nuwe advokaat in kamers genader en versoek om ‘n borgaansoek hangende hierdie appèl aan te hoor. Wat daar plaasgevind het word as volg deur die applikant in sy ondersteunende eedsverklaring weergegee:

> “Die verhoorlanddros was van oordeel dat hy reeds ‘n bevel gemaak het dat ‘n aansoek om verlof om te appelleer hierin gebring moet word en dat hy gevolglik *functus officio* is en nie ‘n aansoek om borgtog kan aanhoor nie.”

Mnr. Reinders wat vandag hierdie dringende aansoek hanteer betoog dat hierdie Hof op grond van sy inherente bevoegdheid die appellant op borg hangende sy appèl moet vrylaat. Met ‘n beroep op **S v HLONGWANE 1989 (4) SA 79 (T)** betoog hy dat hierdie Hof wel sulke bevoegdheid het. Daar is aan mnr. Reinders uitgewys dat die Strafproseswet voorskryf hoe ‘n aansoek om borg en ‘n appèl teen weiering van borg hanteer moet word en dat daar nie ruimte is vir ‘n ander prosedure benewens wat die Wet voorskryf nie, veral nie as daardie prosedure nog nie benut was nie. Mnr. Reinders het daarop in die alternatief ‘n bevel versoek dat die Streeklanddros dan gelas word om wel die borgaansoek aan te hoor.

Dit kom my voor asof dit die korrekte prosedure is. As aanvaar word dat appellant wel ‘n reg van appèl het – en op my uitleg van artikel 309 voormeld het hy dit klaarblyklik – moet die verhoorlanddros as ‘n behoorlike kennisgewing van appèl liasseer is – en dit is gedoen - ‘n aansoek om borg hangende appèl op die meriete daarvan oorweeg. Die landdros het nog op geen stadium ‘n aansoek om borg hangende appèl aangehoor nie. Trouens, sy houding is juis dat hy dit nie kan aanhoor nie. Daardie houding is op die foutiewe veronderstelling dat verlof tot appèl nodig is en dat dit reeds deur hom ook op petisie deur twee Regters van hierdie Hof geweier is baseer.

Artikel 309(4)(b) gelees met artikel 307 en 308 van Wet 51 van 1977 magtig die verhoorlanddros om ‘n aansoek om borg hangende appèl aan te hoor en toe te staan. Die oorwegings wat op so ‘n aansoek van toepassing is, is so welbekend dat dit nie bespreking in hierdie uitspraak benodig nie. Indien borg hangende appèl geweier word of op vir die beskuldigde onaanvaarbare terme verleen word gee artikel 75 van Wet 51 van 1977 aan so ‘n beskuldigde die reg tot appèl teen sodanige weiering. Dit moet op die gewone wyse deur ‘n kennisgewing van appèl aangeteken word en word origens mee gehandel in ooreenstemming met

die praktyksreël met betrekking tot borgappèlle van hierdie Hof gedateer 19 Mei 1995.

Die landdros se weiering om die applikant se aansoek om borg hangende appèl aan te hoor is soos *supra* aangedui foutief. Die aangewese is bygevolg om hom te gelas om die aansoek aan te hoor waarna die gewone proses soos hierbo uiteengesit kan volg. So 'n lasgewing behels natuurlik nie 'n bevinding op die meriete van die aansoek om borg nie, daaroor moet die landdros natuurlik self bereg.

Bygevolg word die Streeklanddros in saak **S v JOHANNES SETHLO** en **SCHALK ANDRE VAN RENSBURG**, Saak Nr. 9/01, Petrusburg, gelas om beskuldigde 2 (Schalk Andre van Rensburg) se aansoek om borg hangende appèl aan te hoor, op die meriete daarvan te oorweeg en dit te bereg.

**C.B. CILLIé, R**

/scd